



PROSPEKTUS



JAKES GERWEL TEGNIES

Droom groot. Werk hard. Bereik sukses.

www.JGT.co.za

INHOUDSOPGAWE

3

Waar sien jy jouself oor 10 jaar?

4

Karakter

6

JGT Missie en Visie

7

Keuse van vakke by JGT

9

Slaagvereistes

10

Vermoëns en bekwaamhede

11

My toekoms na skool

15

Verskillende loopbaankeuses

25

Ontstaan van JGT

WAAR SIEN JY JOUSELF OOR 10 JAAR?

By Jakes Gerwel Tegnies glo ons dat elke leerder deur God geskape is met unieke gawes, talente en 'n doel. Ons missie is om jongmense toe te rus met kennis, vaardighede, karakter en geloof om 'n betekenisvolle verskil in die wêreld te maak.

Daar is vir elke leerder hoop en 'n toekoms. Die leerders se omstandighede bepaal nie hul bestemming nie. Met geloof, harde werk en die regte ingesteldheid kan hul 'n toekoms bou waarop hulle kan trots wees.



ONTWIKKEL JOU KARAKTER BY JGT

By Jakes Gerwel Tegnies glo ons dat sukses nie net gemeet word aan wat jy eendag gaan doen nie, maar veral aan die mens wat jy gaan word. Elke leerder beskik oor unieke talente, vermoëns en potensiaal wat wag om ontwikkel te word.

Ons glo dat omstandighede nie die leerders se toekoms bepaal nie. Met die regte ingesteldheid, ondersteuning en geleenthede kan elke leerder sy of haar drome verwesenlik. Daarom streef ons daarna om leerders toe te rus met die kennis, vaardighede en selfvertroue wat nodig is om betekenisvolle bydraes tot die samelewing te maak.

By JGT word elke leerder aangemoedig om sy of haar identiteit te ontdek, selfwaarde te ontwikkel en doelgerig na die toekoms te kyk. Ons erken dat elke leerder uniek is en dat elkeen 'n belangrike rol het om te vervul. Ons missie is om jongmense te help om hul volle potensiaal te bereik en hul plek in die wêreld met trots en verantwoordelikheid in te neem.

Akademiese uitnemendheid vorm die grondslag van ons onderwysstelsel, maar ons besef dat ware sukses verder strek as goeie punte. Daarom plaas ons groot klem op karaktervorming, geloof, verantwoordelikheid, integriteit en goeie besluitneming. Die waardes en keuses wat leerders vandag ontwikkel, vorm die grondslag van die leiers, professionele persone en burgers wat hulle in die toekoms sal wees.

By JGT berei ons nie net leerders voor vir 'n beroep nie – ons berei hulle voor vir 'n doelgerigte, betekenisvolle en suksesvolle lewe.

Ons nooi jou uit om deel te word van 'n skoolgemeenskap waar potensiaal ontdek, talente ontwikkel en jou toekoms gebou word.



Maak karakter jou goeie VRIEND



JGT MISSIE EN VISIE

The background of the 'Missie' slide features a group of seven students in school uniforms standing in a line outdoors. A white laurel wreath is positioned in the top left corner. The title 'Missie' is written in a large, white, cursive font at the top center. Three circular icons are arranged vertically on the left side of the text: a hand, a briefcase, and a scale of justice.

Missie

- Leerdere se karakter te vorm.
- Leerdere beroepsgerig op te lei.
- Leerdere 'n gesonde balans te laat handhaaf.

The background of the 'Visie' slide shows a group of students sitting in the foreground, with a scenic landscape of a river, fields, and mountains in the background. A white laurel wreath is in the top left corner. The title 'Visie' is written in a large, white, cursive font at the top center.

Visie

'n Gemeenskap van geesvervulde individue met 'n beroepsgerigte kwalifikasie en 'n waardegedrewe gebalanseerde lewenstyl.

KEUSES VAN VAKKE BY JGT

HOOFSTROOM (GRAAD 8-12) TEGNIES:


Hierdie is 'n Tegniese rigting wat met Wiskunde/Tegniese Wiskunde en Fisiese Wetenskap/Tegniese Fisiese Wetenskap en Ingenieursgrafika en Ontwerp gepaard gaan. Spesialis-keusevakke sluit vakke in soos Meganiese Tegnologie (Sweis & Metaalwerk), Elektriese Tegnologie (Kragstelsels) en Siviele Tegnologie (Konstruksie). Hierdie Tegniese roete hou verdere studie- en werksmoontlikhede in.

HOOFSTROOM (GRAAD 8-12) LANDBOU EN VERBRUIKERSTUDIES:

Hierdie is 'n beroepsgerigte rigting wat spesialiseer in Landbou, Verbruikerstudies en Toerisme. Dit word gekombineer met Wiskundige Geletterdheid. Landboutegnologie bied blootstelling aan verskeie tegniese velde, soos elektriese, motorwerktuigkunde, onderhoud, sweis, ens. Landboubestuurspraktyke bied blootstelling aan gewas- en diereproduksie sowel as die ontwikkeling van entrepreneursvaardighede. Verbruikerstudies verbreed leerders se kennis in voedsel, kleding, behuising en entrepreneurskap.

VAARDIGHEID (JAAR 1-4):

Hierdie studierigting fokus op die ontwikkeling van praktykgerigte vaardighede waar leerders die grootste gedeelte van hul tyd bestee aan die ontwikkeling van relevante vaardighede wat hulle voorberei vir die wêreld van werk. Die keusevakke sluit in Onderhoud, Sweis, Vroeë Kinderontwikkeling en Gasvryheidstudies.



KEUSE VAN VAKKE BY JGT

HOOFSTROOM: GRAAD 10 - 12



VAARDIGHEID: JAAR 1-4




SLAAGVEREISTES

GRAAD 12

SLAAG	VEREISTES
NSS (met toelating tot 'n Sertifikaat-program)	Kode 3 vir Afrikaans Kode 3 vir twee ander vakke Kode 2 in drie ander vakke
NSS (met toelating tot 'n Diploma-kursus)	Kode 3 vir Afrikaans Kode 3 vir drie ander vakke (Lewensoriëntering uitgesluit) Kode 2 vir twee ander vakke
NSS (met toelating tot 'n Baccalaureus-graad)	Kode 3 vir Afrikaans Kode 4 vir vier ander vakke (Lewensoriëntering uitgesluit) Kode 2 in een ander vak

JAAR 4

SLAAG	VEREISTES
Vaardigheidsopleiding	40%
Tale of Wiskunde	40%
Oorblywende twee vakke	30%



VERMOËNS EN BEKWAAMHEDE BENODIG VIR 'N SUKSESVOLLE SKOOLLOOPBAAN BY JGT

Leerders wat graag by JGT wil studeer, moet oor die volgende vermoëns beskik:

- Akademiese bekwaamhede
- Taalaanleg
- Kommunikasievaardighede
- Wiskundige vernuf
- Analitiese vermoëns
- Grafiese geletterdheid
- Handvaardigheid
- Tegnieke insig en behendigheid

Leerders wat by JGT sukses wil behaal, is gewoonlik diegene wat oor die volgende eienskappe beskik:

- Selfdisipline
- Toewyding
- Pligsgetrouheid
- Uithouvermoë en vasberadenheid
- Verantwoordelikheid
- Kreatiwiteit
- Entrepreneurskap
- Sosiale vaardighede



MY TOEKOMS NA SKOOL

Skool is die begin van jou reis, nie die eindbestemming nie. By Jakes Gerwel Tegnies en Bonnievale 418 ontvang leerders die nodige boublokke om verder op te bou aan hul toekoms. Ons fokus daarop om 'n sterk grondslag van kennis, vaardighede, werksetiek en karakter te ontwikkel wat leerders voorberei vir die volgende stap in hul lewens.

Dit is belangrik om te verstaan dat leerders nie noodwendig ná skool reeds volledig beroepsgereed is nie. Soos 'n huis nie met net 'n fondasie voltooï is nie, vereis die meeste beroepe verdere opleiding, praktiese ervaring, vakleerlingskappe of studies by kolleges en universiteite.

Bonnievale 418, met hul departement Pathways, help ons leerders met werksgereedheid deur 'n program wat bestaan uit die volgende 5 boublokke: persoonlike ontwikkeling, interpersoonlike vaardighede, werksplek-blootstelling, kennis en professionaliteit.

Die waarde van die opleiding wat leerders ontvang, lê daarin dat dit deure oopmaak en rigting gee. Met die regte grondslag, deursettingsvermoë en bereidwilligheid om verder te leer, kan elke leerder sy of haar toekoms met selfvertroue aanpak.



BONNIEVALE 418: TERSIËRE ONDERRIG

Die Hoër Onderwys afdeling van Bonnievale 418 ondersteun leerders om die oorgang van skool na verdere studies so suksesvol moontlik te maak. Bonnievale 418 se doel is om leerders en hul ouers te begelei, toe te rus en te ondersteun op die pad na tersiêre opleiding en toekomstige loopbaangeleenthede. Die Hoër onderwys programme is gefokus op leerders wat Graad 12 geslaag het terwyl die Recognition of Prior Learning (RPL) ontwerp is vir die Vaardighedsleerders.



BONNIEVALE
418

—
LOVE • HUMILITY • COMMUNITY

Ons bied die volgende ondersteuning:

1. Studieaansoeke

Persoonlike begeleiding en ondersteuning met aansoeke by universiteite, universiteite van tegnologie, TBOO-kolleges en ander opleidingsinstellings.

2. Beursaansoeke en Finansiële Ondersteuning

Hulp met die identifisering van beursgeleenthede, die voltooiing van aansoeke en leiding deur die finansiële ondersteuningsproses.

3. Skryfmateriaal

Voorsiening van noodsaaklike studiemateriaal en hulpmiddels om studente se akademiese sukses te ondersteun.

4. Versorgingspakkette

Ondersteuning deur versorgingspakkette wat studente help om hul studies met groter gemoedsrus aan te pak.

5. Jaarlikse Studente-konferensie

'n Jaarlikse konferensie vir leerders en ouers van studente wat voorlopige toelating ontvang het by tersiêre instellings. Hierdie geleentheid bied waardevolle inligting oor registrasie, verblyf, finansiële ondersteuning, studentelewe en die pad vorentoe.

6. Internskappe en Werkservaring

Skakeling met besighede en organisasies om geleentheid vir internskappe, werkskaduwerk en praktiese blootstelling aan die werkswêreld te bevorder.

By Bonnievale 418 glo ons dat toegang tot verdere opleiding nie die einde van die reis is nie, maar die begin van 'n nuwe hoofstuk. Daarom stap ons die pad saam met ons leerders terwyl hulle hul toekoms met hoop, doelgerigtheid en selfvertroue bou.

BONNIEVALE 418: WERKSPLASING EN LOOPBAANONTWIKKELING

Die Werkplasing- en Loopbaanontwikkelingsafdeling van Bonnievale 418 fokus daarop om 'n brug tussen opleiding en die werkswêreld te bou. Leerders wat deurgaans hoë vlakke van werksgereedheid toon en 'n 4- of 5-stergradering in die Werksgereedheidsprogram behaal, word geïdentifiseer vir moontlike werkplasingseleenthede.

Die afdeling werk doelgerig daaraan om sterk vennootskappe met besighede, organisasies en werkgewers te vestig en te onderhou. Hierdie verhoudings skep geleenthede waar leerders hul vaardighede, karakter en professionaliteit in die werksplek kan demonstreer.

STERRE-STELSEL VIR WERKSGEREEDHEID		
STERRE	PRESTASIEVLAK	BESKRYWING
★★★★★	UITSONDERLIK	🏆 Toon deurgaans voorbeeldige gedrag, vaardighede en professionaliteit.
★★★★	UITSTEKEND	📈 Presteer bo verwagting en toon sterk werksgereedheid.
★★★	GEMIDDELD	👤 Voldoen aan die meeste verwagtinge, maar daar is ruimte vir groei.
★★	RISIKO	❌ Benodig ondersteuning en doelgerigte ontwikkeling in sekere areas.
★	ONGESKIK	⚠️ Voldoen nie tans aan die minimum vereistes vir werksgereedheid nie.

Ons ondersteuning sluit die volgende in:

- Identifisering van werkgereed-leerders met sterk potensiaal.
- Voorbereiding van professionele leerderprofile en verwysings.
- Skakeling met plaaslike en nasionale werkgewers.
- Werkplasing- en indiensnemingsgeleenthede vir geskikte kandidate.
- Ondersteuning tydens die oorgang vanaf skool of verdere studie na die werksplek.
- Bevordering van langtermyn-verhoudings tussen leerders en potensiële werkgewers.

By Bonnievale 418 glo ons dat werkseleenthede nie slegs deur kwalifikasies geskep word nie, maar ook deur karakter, professionaliteit en betekenisvolle verhoudings. Daarom werk ons voortdurend daaraan om deure van geleentheid vir ons leerders oop te maak en hulle te help om met selfvertroue die volgende stap in hul loopbaan te neem.



LEER DEUR TE DOEN




VERSKILLENDE LOOPBAAN KEUSES

Die wêreld ná skool bied 'n magdom geleenthede en loopbaanrigtings vir jongmense wat gereed is om hul plek in die samelewing in te neem. Elke beroep speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van ons land en gemeenskappe, en daarom is dit belangrik dat leerders hul belangstellings, talente en sterkpunte ontdek. Of 'n leerder kies om verder te studeer, 'n tegniese beroep te volg, 'n onderneming te begin of direk die arbeidsmark te betree, die regte voorbereiding en beroepskeuse kan die grondslag lê vir 'n suksesvolle en vervullende toekoms. Deur die verskillende loopbaanopsies te verken, kan leerders ingeligte besluite neem oor die pad wat die beste by hul drome en doelwitte aansluit.



LOOPBAANRIGTINGS VIR HOOFSTROOM

Wiskunde en Fisiese Wetenskappe Rigting	Tegniese Rigting	Landbou en Verbruikerstudies Rigting
• Wynmaker • Voedselwetenskaplike • Landboubestuurder • Elektroniese Ingenieur • Meganiese Ingenieur • Argitek • Siviele Ingenieur • Onderwyser	• Elektriesiën • Landmeter • Auto-elektriesiën • Elektroniese Tegnoloog • Ambag • Meganiese Tegnoloog • Meganiese Tegnikus - Ketelmaker (<i>Boilermaker</i>)/ Passer en draaier/ Meulmaker (<i>Millwright</i>) • Motorwerktuigkundige • Tekenaar • Siviele Tegnoloog • Loodgieter • Konstruksiewerker • Onderwyser	• Professionele Sjef • Kok / Spysenier / Gastehuis of restaurantwerker • Produksielyn-bestuurder • Botteleringsbestuurder • Landboutegnoloog • Algemene plaaswerker • Algemene fabriekswerker • Grondverskuiwings-masjienoperateur • Besproeiingsspesialis • Natuurbewaarder • Wildbestuurder • Onderwyser • Tuinboukundige • Agri-Toerisme



LOOPBAANRIGTINGS VIR HOOFSTROOM




LOOPBAANRIGTINGS VIR HOOFSTROOM



Elektrisiën




Landmeter



Auto-elektrisiën



Elektroniese tegnoloog



Paneelklopper



Ambag



Meganiese Tegnoloog



Meganiese Tegnikus - Ketelmaker
(Boilermaker)/ Passer en draaier/
Meulmaker (Millwright)



Motorwerktuigkundige



Tekenaar




Siviele Tegnoloog



Loodgieter



Konstruksiewerker



Ontvangs dame

LOOPBAANRIGTINGS VIR HOOFSTROOM




LOOPBAANRIGTINGS VIR VAARDIGHEID

Sweis	Onderhoud	Vroeë Kinder-ontwikkeling	Gasvryheid-studies
- Sweiser en metaalwerker - Algemene fabriekswerker - Konstruksie-werker	- Bouer / Messelaar - Teëllêer - Verwer - Vakman - Nutsman - Loodgieter - Algemene fabriekswerker - Terreinwerker	- Kleuterskool-assistent - Onderwys-assistent - Versorgings-assistent - Au pair - Dagsorg-bestuurder	- Kok / Spysenier / Gastehuis of restaurant-werker - Kelner of kelnerin - Kassier - Kombuis-assistent - Winkel-assistent - Rakpakker - Algemene fabriekswerker - Sommelier



LOOPBAANRIGTINGS VIR VAARDIGHEID

Sweis	Onderhoud		Vroeë Kinder-ontwikkeling	Gasvryheid-studies	
 Sweiser en metaalwerker	 Bouwer / Messelaar	 Teëlleër	 Kleuterskool-assistent	 Kok / Spysenier / Gastehuis of restaurantwerker	 Kelner of kelnerin
 Algemene fabriekswerker	 Verwer	 Vakman	 Onderwys-assistent	 Kassier	 Kombuis-assistent
 Konstruksiewerker	 Algemene fabriekswerker	 Terreinwerker	 Versorgings-assistent	 Winkel-assistent	 Rakpakker
			 Au pair	 Algemene fabriekswerker	 Sommelier
			 Dagsorg-bestuurder		

BOU VANDAG AAN JOU TOEKOMS

By Jakes Gerwel Tegnies glo ons dat elke leerder die potensiaal het om suksesvol te wees. Die vakke wat jy kies, die moeite wat jy insit en die geleenthede wat jy benut, help om jou toekoms te vorm.

Ons moedig leerders aan om hard te werk, goeie akademiese prestasie te handhaaf en aktief deel te neem aan sport, kultuur en leierskap. Hierdie ervarings ontwikkel nie net vaardighede nie, maar bou ook karakter en berei jou voor vir die wêreld van werk.

Sukses kom nie deur kortpaaie nie. Dit word bereik deur deursettingsvermoë, dissipline en harde werk. By Jakes Gerwel Tegnies berei ons leerders voor om met selfvertroue hul drome na te jaag en 'n betekenisvolle bydrae tot die samelewing te lewer.



DISSIPLINE

By Jakes Gerwel Tegnies glo ons dat dissipline die grondslag van sukses is. Dissipline help leerders om verantwoordelikheid vir hul gedrag, keuses en akademiese prestasie te neem. Deur duidelike verwagtinge en konsekwente optrede skep ons 'n veilige, ordelike en positiewe leeromgewing waar elke leerder die geleentheid het om sy of haar volle potensiaal te bereik. Ons fokus op die ontwikkeling van selfdissipline, respek en integriteit.

GEREELDE SKOOLBYWONING

Gereelde skoolbywoning is noodsaaklik vir akademiese sukses en persoonlike ontwikkeling. Elke les bied belangrike leergeleenthede, en afwesigheid kan veroorsaak dat leerders waardevolle kennis, vaardighede en assesserings misloop. Deur elke dag teenwoordig te wees, ontwikkel leerders goeie werksetiek, verantwoordelikheid en deursettingsvermoë. Ons moedig ouers en leerders aan om afwesighede tot die minimum te beperk sodat elke leerder die beste moontlike kans op sukses kan hê. Elke skooldag tel in die bou van 'n sterk toekoms.

TAALELEID

By Jakes Gerwel Tegniese Skool is Afrikaans die amptelike taal van leer en onderrig. Ons streef daarna om leerders se taalvaardigheid te ontwikkel sodat hulle akademies, professioneel en sosiaal suksesvol kan wees. Leerders word aangemoedig om Afrikaans korrek en met trots te gebruik, terwyl respek vir alle tale en kulture gehandhaaf word.

BUITEMUURS BY JGT



ONTSTAAN VAN JAKES GERWEL TEGNIES ONS STORIE VAN HOOP

Jakes Gerwel Tegnies is veel meer as mooi geboue. Dit is die verhaal van 'n gemeenskap wat geweier het om hoop prys te gee. In 2016 word 'n groepie Bonnievalers opnuut gekonfronteer met die feit dat honderde kinders binne enkele jare sonder toegang tot 'n hoërskool sou wees. Hierdie keer het die gemeenskap besluit om nie langer op iemand anders te wag nie. In geloof het gewone mense begin bou.

Soos in die Bybelse verhaal van Nehemia het elkeen sy eie stukkie van die Nehemia-muur gebou. Sommige het grond beskikbaar gestel, ander het kundigheid, toerusting of materiaal geskenk. Plaaswerkers, boere, besighede, kerke, sportklubs, professionele persone en gesinne het almal hul bydrae gelewer. Party het miljoene gegee; ander net genoeg vir een baksteen. Maar elke bydrae het ewe veel waarde gedra, omdat dit uit dieselfde hart gekom het.

Die skool het sy deure in Januarie 2018 vir die eerste keer geopen. Die doel was egter nog nooit bloot om net 'n skool te bou nie. Die ware droom was om lewens te herstel. Te veel kinders in ons vallei het grootgeword in armoede, gebroke gesinne en met min rede om in hulself te glo. Hulle het begin dink dat hul omstandighede hul waarde bepaal. Jakes Gerwel Tegnies is gestig om hierdie verhaal te verander – om aan elke leerder te wys dat hulle geskape is met vermoë, potensiaal en 'n doel in die lewe.

Daarom staan karaktervorming, waardes, verantwoordelikheid en praktiese vaardighede sentraal in alles wat ons doen. Ons glo dat elke kind kan leer, kan groei en iets betekenisvol tot die samelewing kan bydra. Wanneer 'n jongmens weer in hom- of haarself begin glo, verander nie net 'n individu nie – 'n hele familie en uiteindelik 'n hele gemeenskap word verander.

Die grootste wonderwerk van Bonnievale was nooit die spoed waarmee die skool gebou is of die fondse wat ingesamel is nie. Die grootste wonderwerk was die herstel van hoop. Dit is sigbaar in die glimlagte van ons leerders, in hul selfvertroue, in hul drome vir die toekoms en in die geloof dat hulle wel 'n verskil kan maak. Vandag leef dit steeds voort. Jakes Gerwel Tegnies herinner ons daaraan dat ware verandering begin wanneer 'n gemeenskap saam die Here aanroep, elkeen verantwoordelikheid neem vir sy eie "stuk muur", en glo dat selfs die grootste uitdagings oorkom kan word. Só bou ons nie net 'n skool nie; ons bou mense, herstel eiewaarde en skep nuwe hoop vir die geslagte wat kom.





JAKES GERWEL TEGNIES



Spr 22:29

“Sien jy ‘n man wat vaardig is in sy werk, hy kan voor konings staan, hy hoef nie voor geringes te staan nie.”



063 908 7720



www.jgt.co.za



hoof@jgt.co.za



Hoofstraat 12 A, Bonnievale, 6730